# Lesing 06.06.2018 - DEEL 22 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

## Die Aankondiging en Hemelse Verwekking van die Nuwe Verbond

Luk 1:26 EN in die sesde maand is die Boodskapper, GabriEl deur JaHWeH gestuur na 'n stad in Galiléa met die naam van Násaret,

Luk 1:27 na 'n **maagd** wat verloof was aan 'n man met die naam van JôWsef, uit die huis van Dawid; en die naam van die maagd was Mirjam.

Luk 1:28 En die Boodskapper het by haar binnegekom en gesê: Wees gegroet, barmhartige! **JaHWeH is met jou; geseënd is jy onder die vroue.**

Luk 1:29 En toe sy Hom sien, was sy baie ontsteld oor Sy woord, en sy het daaroor nagedink wat hierdie groet tog kon beteken.

Luk 1:30 En die Boodskapper sê vir haar: Moenie vrees nie, Mirjam, want jy het Barmhartigheid by JaHWeH gevind.

Luk 1:31 **En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom JaHWèshua noem**.

Luk 1:32 **Hy sal groot wees en die Seun van die Hoogste El genoem word; en JaHWeH Elohim sal aan Hom die Troon van Sy vader Dawid gee,**

Luk 1:33 **en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan Sy Koninkryk sal daar geen einde wees nie**. [Boekrol van Henog 25:3; DaniEl 7:13-14]

Luk 1:34 Toe sê Mirjam vir die Boodskapper: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie?

Luk 1:35 En die Boodskapper antwoord en sê vir haar: **Die Gees van die Apaeid sal oor jou kom en die Krag van die Hoogste El sal jou oorskadu.** Daarom ook sal die Aparte Een wat gebore word, Seun van Elohim genoem word.

## Die verwekking van die JaHWèshua]

Odes van Salomo 19

1 'N **BEKER (houer) saad** was My aangebied, en Ek het hom ingeneem as die soetheid van die Suiwerheid van JaHWeH.

2 Die Seun is die Beker en HY wat getap is, is die VADER, en **Sy wat HOM getap het, is die Gees van Apaeid;**

3 Want SY saadorgaan was vol, en dit was nie wenslik dat SY saad **sonder rede** afgeskei word nie;

4 **Die Gees van Apaeid het Haar skoot geopen en die saad vanuit die twee saadselle van die VADER vermeng**, [Lukas 2:21]

5 en het die **Mengsel aan die wêreld gegee** sonder dat hulle daarvan bewus was; en hulle wat Hom ontvang, is in die **volheid van die Regterhand**.

6 Die **baarmoeder van die maagd** het Hom omhels en sy het swanger geword en gebaar.

7 Die maagd het 'n **moeder met groot deernis** geword;

8 Sy was in barensweë en het '**n Seun gebaar sonder om pyn te voel**, omdat Hy nie sonder 'n rede ontstaan het nie;

9 Sy het nie 'n vroedvrou verlang nie, **want HY het haar verlos.** [Boodskap van Jakobus 19:3]

10 Sy het gebaar, soos dit is, 'n Man, deur die Wil van Elohim, en het **Hom gebaar en Hom bekend gemaak**, en het Hom in groot Krag verkry;

11 En sy het Hom liefgehad met die bevalling, en Hom bewaak met minsaamheid **en Hom in grootheid bekend gemaak.** [Boekrol van Henog 62:7]

Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

Mat 1:21 en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom **JaHWèshua** noem, want dit **is Hy wat Sy volk** van hulle oortredinge sal verlos.

Mat 1:22 En dit het alles gebeur, sodat die Woord vervul sou word wat JaHWeH deur die Profeet gespreek het:

Mat 1:23 **Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en Hom ImmánuEl noem, dit is, as dit [uit Hebreeus] vertaal word: El met ons.** [JeshaJaHûW 7:14]

14 Daarom sal my **Meester self aan julle 'n Teken gee**: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en **hom ImmánuEl (El met ons ) noem**.

15 Dikmelk en heuning sal Hy eet as Hy weet om te verwerp wat besoedel is en om te kies wat suiwer is.

Jesaja 9:6 Want 'n **Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee**; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: **Wonderbaar, Raadsman, Magtige El, Ewige Vader, Vredevors -** [Psalm 122:7; JeshaJaH 63:16]

7 tot vermeerdering van die Meesterskappy en tot Vrede sonder einde, **op die Troon van Dawid** en oor Sy koninkryk, om haar te bevestig en haar te versterk deur **Reg en deur Geregtigheid**, van nou af tot in ewigheid. Die Ywer van JaHWeH van die skeppingsleërmagte sal dit doen